# FAKKEL-FLITSE

*Weeklikse nuusflitse vir 'n ingeligte Framesby-familie!*

Hoërskool Framesby
HANDHAAF EN BOU

**UITGAWE 238 · 18 JUNIE 2021**


Kontakbesonderhede: mediasentrum@framesby.co.za

## UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Beste Ouers

Ek haal Markus 1 vers 15 aan. "Hy het gesê: "Die tyd het aangebreek, en die koninkryk van God het naby gekom. Bekeer julle en glo die evangelie." Mag dit vir ons almal waar wees!

Ek wil graag die volgende belangrike sake onder u aandag bring:

A) VERANDERINGE VANAF DINSDAG 22 JUNIE 2021
Die bestuurspan het besluit om vanaf Dinsdag, 22 Junie die leerders net skool toe te laat kom vir die aflê van hul toetse.
Daarna gaan hulle huis toe.
Die redes hiervoor is soos volg:

Die geweldige toename van Covid in ons gemeenskap.
Die veiligheid van ons personeel, ouers en leerders.

TOETSGLEUF: Alle leerders wat skryf moet teen 07:30 by Hek A/B/D skandeer. Daarna beweeg leerders na hul onderskeie skryflokale. Leerders verdaag net ná hul skryfsessie.

KLASGLEUF: Daar is egter vir sekere graadgroepe klasgleuwe in sekere vakke. U kan u hiervan op die aangehegte rooster vergewis. Hierdie leerders skandeer by Hek A in.

B) COVID 19
Hierdie proses is ook in nuusbrief 14 verduidelik en ek haal dit weer aan:
Die proses wat ons volg indien 'n leerder positief in die skool is, is soos volg:

Die positiewe leerder word vir TIEN dae vanaf toetsresultate verkry is in isolasie geplaas.
Die positiewe leerder identifiseer dadelik die naaste kontakte.
Hierdie kontakte, tot en met TWEE dae voordat die leerder positief getoets is, word onmiddellik opgevolg.
Hierdie leerders word dan vir TIEN dae, vanaf die datum wat hul met die positiewe leerder in kontak was, in isolasie geplaas.
Indien hierdie kontakte geen simptome toon nie, móét hulle ná SEWE dae vir 'n Covidtoets gaan. Indien negatief, kan die leerder terugkeer. Andersins eers na TIEN dae.

Ouers, noue kontak word soos volg gesien: 15 minute binne 1 meter sonder 'n masker.
Die skool beoordeel hierdie noue kontakte en sodra ons voel daar is net 'n geringe kans van infeksie, plaas ons hierdie leerders in isolasie.

Die nakoming van die Covid-regulasies is van uiterste belang. Om hierdie rede moet u die volgende vier punte deeglik met u kind kommunikeer:
- Dra van maskers.
- Sanitering van hande.
- Sosiale distansiëring.
- Sosiale gedrag.


**HIERDIE WEEK SE FAKKEL-FLITSE WORD MET TROTS GEBORG DEUR:**
**SUNRIDGE VILLAGE**

SUNRIDGE VILLAGE | Centre Managment: 041 360 9442 | SUNRIDGE VILLAGE | Kragga Kamma Road, Sunridge Park | SUNRIDGE VILLAGE | GENERATED POWER 24/7 | facebook

Ons moet dit ook onder ons leerders se aandag bring dat die nakoming van hierdie maatreëls juis die personeel én ouers beskerm. Kom ons motiveer hulle om hierby te hou.

C) ASSESSERINGSROOSTER
Die assesseringsrooster bly presies dieselfe in is aangeheg.

D) 5 JULIE 2021 – 9 JULIE 2021
Die skool sal vanaf 5 Julie 2021 tot en met 9 Julie 2021 om 14:00 sluit. U kan u reëlings daarvolgens beplan.

E) AFWESIGHEID TYDENS ASSESSERINGSROOSTER
Ek bring dit net wéér onder u aandag: indien ‘n leerder tydens die skryf van die assessering afwesig is, moet ‘n mediese sertifikaat/kliniekbrief ingedien word. Indien dit nie gebeur nie, ontvang die leerder ‘n 0 vir die betrokke vak.

Indien ‘n leerder Covid-positief is, moet die positiewe uitslag dadelik onder die aandag van ons graadhoofde gebring word.

Indien ‘n leerder in isolasie is, moet dit ook dadelik onder die aandag van ons graadhoofde gebring word.

In beide gevalle sal leerders ‘n afwesig ontvang. Hulle sal beslis nie benadeel word nie.

U kan die graadhoofde by die volgende e-posadresse hiervan in kennis stel:

**Gr.8:** heidistrauss88@gmail.com
**Gr.9:** fvdwalt@framesby.co.za
**Gr.10:** jeanette.schoeman@yahoo.com
**Gr. 11:** lschelbert@framesby.co.za
**Gr.12:** smit.pc@gmail.com

E) KWARTAALPROGRAM
Veranderde kwartaalprogram is vir res van kwartaal aangeheg.

Ek bied my verskoning vir enige ongerief wat hierdie veranderings op kort kennisgewing kon veroorsaak, aan. Ek hoop u sal verstaan.

Ek dank u vir u volgehoue ondersteuning. Soos ek dikwels vir u sê: die toekoms van Hoërskool Framesby is blou en goud! Kom ons werk almal saam om dit so te hou.

MARIUS GERMISHUYS
SKOOLHOOF

SUNRIDGE VILLAGE 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

Handhaaf en Bou

**ASSESSERINGSROOSTER GR. 8-12 MET KLASGLEUWE VAN 2 URE INGESLUIT**
**22 JUNIE - 2 JULIE 2021**

| Datum | Gr. 12 | Gr. 11 | Gr. 10 | Gr. 9 | Gr. 8 |
|---|---|---|---|---|---|
| 22 Junie - 07:30<br>**Dinsdag (toetsgleuf)** | Eng HL/FAL<br>90 min | Geografie<br>60 min | Toerisme<br>75 min | EBW<br>60 min | LW<br>35 min |
| **Klasgleuf waar vakonderwysers hul onderskeie klasse onderrig vanaf 10:00 tot 12:00** | | | | | |
| 22 Junie<br>Klasgleuf | Rekeningkunde<br>GEL<br>DEJ | English Home Language<br>VRY | | | FW<br>8A en G (STA): Nuwe lokaal<br>8C en E (BRI): Voorlesinglokaal<br>8B, D, F en H (NET): Saal |
| 23 Junie - 07:30<br>**Woensdag (toetsgleuf)** | LW<br>80 min | IGO<br>90 min | Geografie<br>60 min | Wisk<br>90 min | |
| **Klasgleuf waar vakonderwysers hul onderskeie klasse onderrig vanaf 10:00 tot 12:00** | | | | | |
| 23 Junie<br>Klasgleuf | | | | Engels<br>9B en F (JVB):<br>Voorlesinglokaal<br>9C (VZR), 9D (JON),<br>9G (DUJ)<br>9A (VRY) en 9E (DUP) | |
| 24 Junie - 07:30<br>**Donderdag (toetsgleuf)** | | Wisk / WG<br>90 min | VBS<br>75 min | | Wisk<br>75 min |
| **Klasgleuf waar vakonderwysers hul onderskeie klasse onderrig vanaf 10:00 tot 12:00** | | | | | |
| 24 Junie<br>Klasgleuf | | Wiskunde<br>LOF, JVM, POT, DEV | | | FW<br>8A en G (STA): Nuwe lokaal<br>8C en E (BRI): Voorlesinglokaal<br>8B, D, F en H (NET): Saal |

| Datum | Gr. 12 | Gr. 11 | Gr. 10 | Gr. 9 | Gr. 8 |
|---|---|---|---|---|---|
| **25 Junie - 07:30**<br>**Vrydag (toetsgleuf)** | Rek<br>90 min | RTT(CAT)<br>Prakties<br>120 min | FW<br>120 min | Eng HL / FAL<br>120 min | Geografie<br>80 min |
| **Klasgleuf waar vakonderwysers hul onderskeie klasse onderrig vanaf 10:30 tot 12:30** | | | | | |
| **25 Junie**<br>**Klasgleuf** | Wiskunde<br>LOF, JVM, POT, DEV | | | FW<br>9A, B, C en G (BRI): Saal<br>9D (HAM)<br>9E, F en H (NET): Nuwe lokaal | Engels<br>8A en E (BAS)<br>8B en G (VRY): Voorlesinglokaal<br>8C (VZR), 8D (DUP), 8F (JVB), 8H (DUJ) |
| **28 Junie - 07:30**<br>**Maandag (toetsgleuf)** | IGO<br>120 min | Toerisme<br>75 min | LW<br>50 min | Afr.<br>120 min | Eng HL/FAL<br>90 min |
| **Klasgleuf waar vakonderwysers hul onderskeie klasse onderrig vanaf 10:30 tot 12:30** | | | | | |
| **28 Junie**<br>**Klasgleuf** | Afrikaans<br>C (JOR)<br>D (STH)<br>F (POC) | | | FW<br>9A, B, C en G (BRI): Saal<br>9D (HAM)<br>9E, F en H (NET): Voorlesinglokaal | SKD<br>8C/8D/8G (ROO) |
| **29 Junie - 07:30**<br>**Dinsdag (toetsgleuf)** | FW Chemie<br>90 min | VBS<br>75 min | Wisk / WG<br>90 min | | EBW<br>60 min |
| **Klasgleuf waar vakonderwysers hul onderskeie klasse onderrig vanaf 10:00 tot 12:00** | | | | | |
| **29 Junie**<br>**Klasgleuf** | Afrikaans<br>C (JOR)<br>D (STH)<br>F (POC) | | Wiskunde<br>LOF, JVM, POT, DEV, WIL | | |
| **30 Junie - 07:30**<br>**Woensdag (toetsgleuf)** | | LW<br>50 min | RTT(CAT)<br>Prakties<br>120 min | Geografie<br>80 min | FW<br>40 min |
| **Klasgleuf waar vakonderwysers hul onderskeie klasse onderrig vanaf 10:00 tot 12:00** | | | | | |
| **30 Junie**<br>**Klasgleuf** | | | | SKD<br>9F/9H (ROO) | |
| **1 Julie - 07:30**<br>**Donderdag (toetsgleuf)** | Wisk V2<br>90 min | Rek<br>90 min | BS<br>90 min | | Geskiedenis<br>90 min |
| | **Leerders verdaag direk aan die einde van die skryfsessie huis toe** | | | | |
| **2 Julie - 07:30**<br>**Vrydag (toetsgleuf)** | Afr. Letterk.<br>(Taak 7)<br>70 min | IT Prakt.<br>60 min | IGO<br>90 min | FW<br>45 min | |
| | **Leerders verdaag direk aan die einde van die skryfsessie huis toe** | | | | |

<table>
<tr><th>Datum</th><th>Gr. 12</th><th>Gr. 11</th><th>Gr. 10</th><th>Gr. 9</th><th>Gr. 8</th></tr>
<tr><td>5 Julie<br>Maandag</td><td>Toerisme PAT<br>2 ure skryf 30 min pouse 2 ure skryf<br>SAAL</td><td colspan="5" rowspan="2">Hierdie TWEE datums vir gr. 12 Toerisme is afhanklik van die datum waarop Framesby die PAT-taak ontvang en dit mag moontlik skuif tot selfs die laatste 9 Julie. Alle Toerisme-leerders moet seker maak dat hul geen ander afsprake buite skool vir die laaste week van die kwartaal maak nie.<br><br>Hierdie PAT moet onder eksamenomstandighede voltooi word en tel vir die einde van die jaar se punte.</td></tr>
<tr><td>6 Julie<br>Dinsdag</td><td>Toerisme PAT<br>2 ure skryf 30 min pouse 2 ure skryf<br>SAAL</td></tr>
</table>

# PERFORMING ARTS INTERNATIONAL STARS

Jade de Jager (Graad 8) en Simonique Grobler (Graad 8) het onlangs as deel van S.A.-span aan die Performing Arts International Stars 2021 kompetisie deelgeneem. Lande wat deelgeneem het, was: Wit-Rusland, Azerbeidjan, Bulgarye, Dubai UAE, Estland, Griekeland, Duitsland, Ierland, Italië, Kazakstan, Koeweit, Letland, Litaue, Moldawië, Malta, Macedonië, Pole, Portugal, Rusland, Roemenië, Suid-Afrika, Serwië, Slowenië, Oesbekistan, Verenigde Koninkryk en die VSA.

Hulle het die volgende toekennings behaal: Jade de Jager: tweede Laureate/plek - Formele modelwerk, tweede plek Laureate Street Hip Hop "Worth it". Simonique Grobler: eerste Laureate/plek - Street Hip Hop en 'n silwer toekenning, tweede Laureate/Plek - Street Hip Hop duet saam haar broer, Dylan, "Vanilla Ice".



# TWEEKAMP

Die volgende leerders in die Oos-Kaapspan gaan aan die SA Modern Biathlon Championships by Somerset College, in Somerset-Wes op 12 Julie 2021 deelneem.

**Dogters o/15:** Anri de Beer en Alouise Vosloo.
**Seuns o/17:** Hugo Nothagel, Marco Sprong, Francois Vosloo en Juwan Wium.
**Dogters o/17:** Milla Otto, Anel Strauss, Ilze Hattingh, Incke Conradie, Zanri Black, Elanca van Jaarsveld en Chloe Steyn.
**Seuns o/19:** Terrence Oelofse en Wehan Smith.
**Dogters o/19:** Anabelle Jonck.

# POTJIEKOS WENNER:

Baie geluk aan JJ de Lange in Graad 8A wat 'n R1 000 tydens die gelukkige trekking gewen het.

Baie geluk ook aan mnr. Terblans wie se voogklas die meeste kaartjies verkoop het. Weereens dankie vir almal se ondersteuning tydens die fondsinsamelingsprojek.



SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

# ONS VERWELKOM VIR:

## Mnr. Erwin Ittershagen-Strauss



Ek het groot op Graaff-Reinet geword en het na my tuisdorp na afloop van my studies teruggekeer. My BCom Ekonomie-graad is op Stellenbosch verwerf en my onderwysdiploma aan Noord-Wes Universiteit.

Ek is 'n passievolle wiskunde onderwyser en rugby-afrigter. Ek is baie opgewonde om by Framesby se Wiskunde Departement aan te sluit en ook by te dra tot die sukses van rugby by die skool.

Die skuif Port Elizabeth toe is baie opwindend aangesien ek ‘n nuwe hoofstuk met my verloofde gaan begin. Sy sluit die einde van die jaar by my aan wanneer ons trou.

Bordspeletjies en draf hou my na ure besig. Tyd wat spandeer word met familie en vriende, is altyd spesiaal.

## Mej. Jani Gerber



Ek is in Port Elizabeth gebore en het einde 2016 aan die Hoërskool Pearson gematrikuleer.

Van daar is ek na die Universiteit van die Vrystaat (Kovsies) en het aan die begin van 2019 met lof gegradueer. Ek het daarna my honneursgraad in Afrikaans en Nederlandse taalkunde in 2020 cum laude verwerf.

Belangstellings: Langafstand-hardloop, skryf, lees en kosmaak! Ek hou daarvan om nuwe resepte te toets en na kookprogramme te kyk, asook om tyd saam met vriende en familie.

Ek is aangestel as Afrikaans-juffrou. Ek het 'n groot passie en liefde vir die taal en is opgewonde om by die Framesby-familie aan te sluit.

SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7
facebook

# Mev. Irene Louw



Ek is aangestel vir Afrikaans. Ek het in 2002 matriek aan Hoërskool Pearson geslaag, waarna ek aan Nelson Mandela Universiteit en die Universiteit van Stellenbosch studeer het. Ek en my man het vir 11 jaar in die Kaap gebly en toe in 2017 teruggetrek Baai toe.

Ek het natuurlik 'n passie vir Afrikaans, veral vir die letterkunde, dus lees ek graag wanneer ek tyd het. Ek neem ook graag foto's en ek geniet dit om in die geheim Suidooster te kyk.

My man is ook 'n oud-leerder van Framesby en ek sien uit om by julle te begin!

# Mev. Betsie janse van Rensburg

My verhouding met Hoërskool Framesby het in Jan.2004 begin toe my oudste seun hier (Gr. 8) begin het - my jongste het in 2011 gematrikuleer. Om weer terug te wees op bekende terrein, het baie goeie en vrolike herinneringe teruggebring. My eie lewe het wye draaie geloop. Ek is in Kaapstad gebore, maar het op Stilbaai grootgeword-dit is steeds my hartsplek en ek het by Hoërskool Langenhoven, Riversdal gematrikuleer. Daarna was ek vir vier jaar bevoorreg om 'n Matie te wees. Ek het die graad B. Huishoudkunde(Ed) verwerf.

My onderwysloopbaan het in Bellville begin waarna ons PE toe verhuis het. Ek het afgelos by Westering en Pearson voordat ek in Jan. 1988 by Hoërskool Cillié aangesluit het waar ek tot Des 2018 skoolgehou en as departementshoof uit diens getree het. Die toergogga het my toe al lelik gebyt en ek wou graag oorsee gaan skoolhou - my pad het China toe geloop waar ek vreeslik gelukkig was en elke dag nuwe avonture beleef het (min het ons geweet dat 'n pandemie die wêreld sou tref). Gelukkig was 2019 vir my 'n besondere besige jaar - 'n paar persoonlike hoogtepunte was my vriendskappe wat ek met Chinese gesmee het, die voorreg om op Paas Vrydag ons Christengeloof met my leerders daar te kon deel (met toestemming!). Die bywoon van Harbin-Ysfees en 'n besoek aan die Tibettaanse Plato, maar my persoonlike belewenis van "The Great Wall" moeilik is om kortliks te verwoord. Opvoeding en onderwys is werklik my passie en ek het ervaring op vele terreine opgedoen. Ek is regtig lief vir alle kinders, maar verkies die onderrig van tieners. Benewens my kinders, my familie en vriende is ek lief vir kosmaak, ek lees en luister graag nuus, is lief vir kuns en probeer ook self skeppende vaardighede aanleer. Om te reis is een van die lekkerste lekkertes en sedert 2020 bly dit van my beste herinneringe.
Die Covid-19-pandemie het my planne in die wiele gery, maar ek glo die Here beplan ons toekoms in die fynste besonderhede tot ons eie beswil. Ek onderrig tans Verbruikerstudies en Besigheidstudies, maar sal vanaf die derde kwartaal LO, NW en Tegnologie gee. Ek voel bevoorreg om my skoolhouloopbaan by Hoërskool Framesby te kan voortsit.



SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# FRAMESBY KAFETERIA MAAK BINNEKORT OOP!

**AUGUSTUS 2021**













empact
GROUP

# FRAMESBY KLEREWINKEL

## DAAGLIKS OOP

**VAN 08:00 - 10:00**

**PUMA**
**“HOODIE”**
**R700**









# Hoërskool Framesby

# DIE PLEK OM TE WEES!






## BUSDIENS
## VANAF 2022

Private en veilige busdiens, Maandae tot Vrydae vanaf Uitenhage/Despatch na Hoërskool Framesby. Die bus vertrek soggens en laai die leerders na sport- en kultuuroefeninge af.
Vanaf R1 600 tot R2 000 p.m.

## NUWE VAKKE
## OP DIE HORISON

Die afgelope tien jaar spog Framesby met 'n slaagsyfer van 98,9%. In 2020 spog die skool met 'n 99%-slaagsyfer, 95% van die matriekgroep kan verder aan 'n tersiêre instelling gaan studeer waarvan 83% graadstudies kan volg en 12% kwalifiseer vir diplomastudies. Ons top student spog met 'n gemiddeld van 92,3% en sewe onderskeidings. Sy is ook aangewys as die derde beste leerder in die Port Elizabeth-distrik en het 'n volle beurs vir die duur van haar studies by die premierskantoor ontvang. Die volgende vakke is op die horison: Landbou, Kodering, Robotika en Visuele Kuns.

VOLG ONS OP

**Vir verdere besonderhede kontak die hoof by 062 251 8966**

**041 360 1257 | skoolhoof@framesby.co.za | www.framesby.co.za**

# STUDENTESENTRUM VORDERING:





EINDPRODUK



# FRAMESBY OUDSKOLIERE

## ONS GESELS MET: AMANDA STRYDOM





Ek en Johann Els ( nou Ds Els) gasheer en gasvrou vir die matriekafskskeid van 1973

*Amanda Strydom*

Jaar gematrikuleer : 1974
As ek terugkyk , onthou ek die sorgvryheid van skooldae en die kosbare vriende wat vandag steeds in my lewe is. Die lekker in die son sit en ons bene “tan” tydens pouse .

Ek onthou die onderwysers wat soveel vir my gedoen en beteken het. Oorlede mnr. Leon Koen, juffrou Rienie Schaeffer, my Afrikaans onderwysers, het die liefde vir my taal, poësie en letterkunde aangewakker en wonderlike klasse gegee wat my begeester het. Oorlede mnr. Rautenbach, wat vir my privaat Geskiedenisklasse moes gee omdat ek soveel leervakke gehad het, want ek was hopeloos in Wiskunde. Ek het kwytskelding van Wiskunde gekry en moes toe ekstra vakke byneem. Sy eindelose geduld en briljante insig in Geskiedenis het my altyd verstom.

Ek onthou die opwindende atletiekbyeenkomste waar ek rasieleier was (ek was nie veel van ‘n sportspeler nie, het probeer hokkie speel, was maar power en altyd onkant!). En die heerlike koorsang onder leiding van juffrou Juanita Lamprecht was onvergeetlik. Sy het my liefde vir musiek en sang gekoester en my altyd só spesiaal laat voel.

SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

Ek was lid van die leerlingraad, debatsvereniging, die Landsdiensklub, die koor en ek was rasieleier. In my matriekjaar is ek aangewys as Dux leerling .

Ek het my graad in B.A Drama aan die Universiteit van Pretoria verwerf en is in 2003 vereer met die Laureatus toekenning van die universiteit vir buitengewone prestasie. Dit was ‘n groot eer.

Ek is vanjaar 42 jaar in die kunstebedryf as skrywer, liriekskrywer, aktrise en sangeres. Ek tree ook gereeld in Nederland en Frankryk op, het in verskeie TV reekse ( “1922”, ”Westgate”, “Arende”, “The Big Time”, “Binnelanders” ) gespeel , asook in die kykNET Storiefilm reeks in “ Voor ek vergeet” met Hannes van Wyk en “Mike en Mavis” met Tobie Cronjé. Laasgenoemde word 18 Julie op kykNET uitgesaai.

Ek het in verskeie TV-musiekprogramme opgetree en tree jaarliks by kunstefeeste dwarsoor die land op. Ek is die enigste kunstenaar wat, sedert die bestaan van die KKNK, elke jaar daar opgetree het. Verlede jaar sou my 26ste jaar en vanjaar my 27ste jaar by die KKNK gewees het as die pandemie nie alles tot stilstand gedwing het nie.

Ek tree tans in teaters op wat onder streng Covid maatreëls moet funksioneer – ons speel vir net 50% besetting in ‘n teater, maar is só dankbaar dat ons kan werk in hierdie vreemde tyd. Ek het ook ‘n paar aanlynkonserte gedoen, maar niks kan ‘n lewende gehoor in ‘n teater oortref nie .









SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

Ek het 9 CD's opgeneem, die SAMA gewen vir my album "Verspreide Donderbuie/Scattered Thunder" en skryf eenvrou-kabarette, onder meer "State of the Heart", " The incredible journey of Tinkerbell van Tonder", " Diva", " Volstoom", Hartlied en 'n groot verskeidenheid musiekkonserte.

Ek is vereer met die Erepenning deur die Akademie vir Wetenskap en Kuns vir my bydrae tot die kunste en Afrikaanse musiek, die ATKV Prestigeprys, drie Kannapryse van Kunste Onbeperk , twee Woordfees trofeë en vier Geraastoekennings.

Ons beur voort tydens die pandemie om lig en vreugde te bring aan gehore waar ons kan , wanneer ons kan.

# KONTAK ONS GERUS

Framesby spog met soveel oudskoliere wat naskool presteer. Indien jy van iemand weet en graag die persoon vir volgende week se Oudskoliere-berig wil nomineer, kontak ons gerus: mediasentrum@framesby.co.za. Ons wil graag berigte plaas van al ons oudskoliere, maar benodig hul selfoonnommer/e-posadres om kontak te maak. Omdat die skool nie altyd in kennis gestel word van prestasies nie, is die skool nie bewus daarvan nie. Ons weet daar is maar min mense wat iets oor hulself sal instuur, dus vra ons dat indien u van iemand weet wat presteer het, u ons sal kontak. Framesby is trots op al hul oudleerders en wil graag spog met almal se prestasies.



SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# REÜNIES 2021

Op die stadium word daar geen funksies a.g.v. Covid op ons skoolterrein gehou nie. Ons sal reünie-groepe egter op hoogte hou indien reëlings verander.

Ons vra intussen vir die volgende jaargroepe (1971,1981,1991, 2001 en 2011) om foto's en stories aan mnr. Rauch by wrauch@framesby.co.za te stuur.

Mnr. Rauch beoog om weer 'n gedenkblad vir die jare se reünie-groepe saam te stel. Ons vra ook dat die hoofleiers van elke jaargroep met hom sal kontak maak.



# FRAMESBY
## OUDSKOLIERE (FOS)

Beste Oudskolier
Ons wil julle graag van gebeure rondom jul alma mater op hoogte hou. Om hierdie rede wil ons graag ons databasis op datum bring en vra dat alle oudskoliere asb. die volgende inligting na **fos@framesby.co.za** sal e-pos:

- ✓ NAAM EN VAN :
- ✓ NOOIENSVAN:
- ✓ ID-NOMMER:
- JAARTAL GEMATRIKULEER:
- ADRES:
- PROVINSIE:
- BEROEP:
- TELEFOON:
- SELFOON NOMMER:
- E-POSADRES:

**U inligting bly hoogs vertroulik. Die rede hoekom ons u ID nommer benodig is om te verhoed dat ons duplikate op ons sisteem stoor.**


SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

# UIT DIE ARGIEWE:



### Oud Framesby-leerling nou kabaretster:

## Amanda Strydom kom maak 'n draai by die huis



Kabaretster, Amanda Strydom, in gesprek met Forum na haar optrede by Centrestage in die Harbour Sports Café in Port Elizabeth. Amanda is 'n Oos-Kapenaar in murg en been, haar ouers woon steeds hier. Sy was ook 'n leerling aan die Hoërskool Framesby.

**Foto's: Jeanine Horn**

*Corné Oosthuizen*

Oud Framesby-leerling, Amanda Strydom, het onlangs 'n Baaise draai gemaak met 'n voorsmakie van haar nuwe CD *Hotel Royale*.

Amanda is een van ons land se voorste kabaretkunstenaars en met haar sterk stem boei sy jonk en oud.

Dié goue dame van die Afrikaanse musiekbedryf het geen professionele sangopleidng gehad nie – al waar sy gesing het, was in die bad, maar sy is wel 'n opgeleide aktrise. Volgens Amanda is dit 'n gawe wat sy ontvang het en besluit het om die meeste van te maak.


"Ek droom nie meer nie en dit wat ek gedroom het, het ek gedoen. Op 42 droom ek van 'n huisie by die see en om 'n boek te skryf. Ek het laas gedroom toe ek 14 was en ek het dit bewaarheid," het sy gesê.

Indien sy vandag weer kon kies, sou sy presies dieselfde beroep gekies het. Sy voel oor niks in haar lewe spyt nie behalwe vir die feit dat sy nie die kans gegryp het om in 'n Broadway Musiekblyspel te speel toe sy nog jonk was nie. Sy het nie die kans gebruik nie, maar daar was beslis 'n rede voor.

"Ek sal aktief aanhou sing tot ek die dag omslaan en doodgaan, maar ek glo 'n mens sal weet wanneer om op te hou. Ek wil beslis my waardigheid behou. Daarna sal ek my heetemal wil toewy aan skryf. Ek wil graag my eie boek publiseer," het Amanda gesê.

"Ek is nie 'n kommersiële sanger nie en verkoop nie miljoene CD's nie. Ek verwag dit ook nie. My aanhangers is 'n nismark. Ek is tog verbaas oor hoeveel mense na my musiek luister en saam met my sing as ek op die verhoog staan."

Sy skryf al haar liedere self uit ondervinding wat sy opgedoen het deur die jare.



Amanda Strydom, bekende Suid-Afrikaanse kunstenaar, teken 'n eksemplaar van een van haar nuwe CD, *Hotel Royale*, vir 'n bewonderaar

Amanda is 'n Oos-Kapenaar in murg en been. Haar ouers het al die jare in Port Elizabeth gewoon, maar het onlangs verhuis na Jeffreysbaai. Sy het haar laerskoolloopbaan aan die Laerskool Cotswold afgelê en haar hoërskooljare het sy hier in Framesby deurgebring.

Volgens haar is sy 'n baie privaat mens en het sy deur die jare geleer waar om die streep te trek wat haar privaatheid betref. "Ek leef soos 'n kluisenaar," het sy gesê. As sy nie die dag wil 'nice' wees nie, dan is sy nie!

Amanda se boodskap vir die tieners is: "Tieners dink dat hulle alles weet en dat hulle soveel wil bereik, maar dat mense jou nie verstaan nie. Onthou dit is baie belangrik dat jy altyd onthou waarvandaan jy kom en wie jy is - in elke situasie.

Moenie 'n modegier naloop net om soos 'n ander te wees nie, want jy gaan jou die een of ander tyd vasloop. Dit wat jy is, moet 'n eerlike refleksie van jouself wees. Wees jouself – ALTYD! Daar is niks verkeerd om jouself te wees nie en moenie dink 'n ander se ideale is beter as joune nie."


Sy is 'n mens wat nie draaie loop nie en dit word weerspieël in die lirieke van *Kom tog by die punt uit*.

**"Tieners dink dat hulle alles weet en dat hulle soveel wil bereik, maar dat mense jou nie verstaan nie. Onthou dit is baie belangrik dat jy altyd onthou waarvandaan jy kom en wie jy is - in elke situasie.**

**Moenie 'n modegier naloop net om soos 'n ander te wees nie, want jy gaan jou die een of ander tyd vasloop. Dit wat jy is, moet 'n eerlike refleksie van jouself wees. Wees jouself – ALTYD! Daar is niks verkeerd om jouself te wees nie en moenie dink 'n ander se ideale is beter as joune nie."**

SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7 facebook

# UIT DIE ARGIEWE:



## LEERLINGRAAD

**LIEZEL**
Hoofdogter

**PIETER**
Hoofseun

**ELRINA**
Onderhoofdogter

**ANDRÉ**
Onderhoofseun

**DJALITA**
Sekretaresse

### HUISKAPTEINE KRIT

CALVIN

LIESEL

### HUISKAPTEINE VIS

BERNARD

EMMARIE

### VOORSITTERS

**ELSJE**
Skakelkomitee


**ELKE**
Gemeenskaps-komitee

**SYBRAND**
Kultuur en Tradisie

**ZALITA**
Netheid en Terrein

**RENTIA**
Sosiaal en Ontspanning

# UIT DIE ARGIEWE:




Jana Rademeyer, Rudi Coetzee en Liezl Weitz tydens die kroning van Mnr. & Mej. Oos-Kaap. **Foto: Heinz**

### Jana vat nie nonsens nie:

## Mej. Oos-Kaap '98

*Jackie Jooste*

**Jana Rademeyer verower die titel van Mej. Oos-Kaap Hoërskole by 'n glansryke geleentheid in die Verenarksaal.**

Die geleentheid is bestem om sewe-uur te begin, maar reeds om sesuur sit die geesdriftige ondersteuners die blou voorportaal van die Verenarksaal vol, almal met een doel voor oë - kry die beste plek in die saal. Erens tussen uitgevatte tieners en ouers staan die onmiskenbaar formele vorm van 'n skooluniform uit - die deelnemers! Party meer senuagtig as ander, met groot bewerige glimlagte en blink angstige oë.

Die deelnemers het die eerste keer op die loopplank verskyn in hul skoolklere met self uitgewerkte passies waarop hulle nie beoordeel is nie, net sodat almal kan sien waarvandaan hulle kom. Die rêrige kompetisie het begin met die sprankelende deelnemers in informele drag. Die verhoog het 'n toneel uitgebeeld langs die Franse Riviera kompleet met die Eiffeltoring in die agtergrond. Die seremoniemeesterlike pligte is deur Heinz behartig en die gehoor is met twee items deur die Ellen Bunting dansers vermaak.

Later was dit tyd vir die aanddrag en dit was asemrowend. Alle deelnemers het hulself aan ons bekendgestel met 'n paar woorde, 'n draai op die loopplank gemaak en dan op die verhoog bly staan en kyk hoe die ander deelnemers hul ding doen totdat al veertig voorgestel is.

Toe was dit tyd om die 20 finaliste aan te kondig. Liezl Weitz, met 'n uitsonderlike pers en swart rok en Jana, met 'n asemrowende wit rok en 'n unieke huppel in haar stap, was gereed om die vrae te beantwoord. Toe die wenners aangekondig is, is Rudi Coetzee(Mnr. Framesby) die tweede aantreklikste hoërskool ou in die Oos-Kaap, Liezl Weitz die Tweede Prinses en Jana Rademeyer Mej. Oos-Kaap 1998.



Riaan, Jacques en Jan-Louis van Tonder. **Foto: Wendy Groenewald**

## Van Tonder Trio 'squash' almal

*Jako Calitz*

Die trio bestaan uit ouboet Riaan, Jacques en kleinboet Jan-Louis. Al drie speel muurbal, maar dit sê nie veel nie. Al drie speel OP-muurbal. Riaan verteenwoordig Suid-Afrika en Jan-Louis is 'n reserwe vir die SA o/14 - span. Dit sê wel meer.

Al drie is "met die rakket gebore" en sal nog vir lank hul opponente hoofpyne besorg. Die afgelope vakansie is hulle ook geen ruskans gegun nie.

Riaan, Jacques en Jan-Louis het interprovinsiale wedstryde in Kaapstad, Bloemfontein en Johannesburg onderskeidelik gaan speel. Riaan het uitstekend gevaar en homself weereens bewys as OP o/19A nommer 2 deurdat hy 8 uit 10 wedstryde gewen het. Jan-Louis het sy posisie as OP o/14A nommer 2 verseker deurdat hy 6 uit 8 wedstryde gewen het.

Riaan was deel van die OP-span wat hierdie jaar na 'n lang tyd die interprovinsiale toernooi gewen het. Jacques het die meisies as sy hoogtepunt beskou en Jan-Louis het geen vry(e) tyd gehad nie.



## Sybrand de Vaal

is vanjaar in Matriek - verlede jaar was hy die top kandidaat (akademies) in st. 9.

**Chantal Smit het met hom gaan gesels en gevra waaraan hy deelneem, wat sy stokperdjies is en hoeveel uur hy voor die boeke deurbring.**

Wel, ek speel so 'n bietjie toneel vir FRUK, ek blaas die Franse horing in die orkes, ek sukkel met twee linkervoete in die dansklub, is CSV-kringleier en speel darem ook "sosiale tennis" (ek dink dis nogal 'n oulike naam vir beginners). Stokperdjies? Nie juis nie. In my vrye tyd lê ek maar net rond en kyk T.V. of luister na musiek.

Dis nou nie asof ek elke dag leer nie. Ek het omtrent nie genoeg tyd (of lus) om my huiswerk te doen nie! Maak nie saak hoe hard ek probeer nie, ek kan myself net nie forseer om voor die eksamen te leer nie. So stel ek dit dan maar uit tot die laaste naweek voor die eksamen en dan leer ek my sat!

**Chantal wou weet of dit lekker is om die slimste leerling in die skool te wees.**

Ek haat sulke vrae! Ek sou nie eintlik sê dis waar nie. Ek dink nie ware slimheid en skoolpunte kan aan mekaar gekoppel word nie (ek meen, Einstein het mos vrot gedoen op skool). Maar, in elk geval, ek voel vreeslik gevlei en dank net die Here daarvoor.

**Dink hy dis reg as iemand slim is en almal noem hom dan 'n nerd?**

Nog 'n vuil vraag! Nee, dis verkeerd. Ek dink 'n nerd maak homself. Ek sien 'n "nerd" as iemand wat heeldag voor sy boeke sit, in niks anders belangstel nie, aan niks deelneem nie en wat glad nie betrokke raak nie

**Wat gaan hy volgende jaar doen en is daar iemand spesiaal in sy lewe, wou Chantal weet.**

Ek het geen idee nie. Ek gaan studeer, maar ek weet nie wat nie. Moontlik medies, of dalk word ek 'n veearts. Solank ek net eendag 'n interessante werk het. (Eintlik het ek 'n geheime droom om eendag die eerste Suid-Afrikaner op Mars te wees).

En... jy sien, daar is eintlik 'n baie spesiale meisietjie in st. 8 met sulke pragtige hare...

**Laastens: Het hy al ooit vergeet om sy huiswerk te doen?** Natuurlik! Ek is ook maar net 'n mens, nes al die ander leerlinge! Maar dis nie eintlik vergeet nie. Dikwels is ek regtig nie lus nie of regtig te moeg. Ander kere het ek net nie die tyd nie. Ag, Prediker 12:12 sê tog: "...te veel studie ooreis die liggaam."

**Belangrik: is daar miskien leerwenke - wat werk!**

Moet NOOIT lê en leer nie (veral nie onder die komberse nie). Laat ek jou vertel, so het ek nog elke keer aan die slaap geraak.

ROMAN'S PIZZA™

BEST PIZZA, BEST VALUE




# SUNRIDGE VILLAGE
# 041 360 3104
## Cnr: Kraggakamma & Main Road

# WE DELIVER*

*DELIVERY FEE APPLIES.

ORDER ONLINE ROMANSPIZZA.CO.ZA